# menlo-insig Kortom

11/2021

## LIEWE MENLO

Ons begin vandeesweek met die reis na die kruin van K2. Die breë publiek ken K2 as die tweede hoogste berg op die planeet, maar K2 is onder Menlo-mense as Kwartaal 2 bekend. Kortom maak dit nie saak na watter K2 daar verwys word nie, want om die kruin van enige van die twee te bereik verg fiksheid, deeglike voorbereiding, omsigtige tydsbestuur en senuwees van staal. Die ekspedisie na die piek van die plaaslike K2 is darem nie so koud soos die vermoeiende tog na die ware jakob in die Karakoram-bergreeks nie, maar weervoorspellers het 'n spesmaas dat die oopdeur– en vensterbeleid, wat as 'n voorkomingsmaatreël ingestel is, tot koel toestande op Menlo-bodem mag lei; daarom dat Parkies hulle Menlo-sweetpakke vir die duur van die reis na K2 mag dra.

Die Insig bied vandeesweek 'n paar wenke aan Menlo-reisigers om te verseker dat élke Parkie oor net meer as nege weke op die kruin sal staan.

Ons skop die inligtingsessie met een of twee akademiese wenke af. Let asseblief daarop dat die ekspedisie veral vir breinfikse Parkies genotvol sal wees. Breinfiksheid word slegs bereik deur deurlopende blootstelling aan die akademie en dit is veral oor naweke waar breinfiksheid met rasse skrede kan verbeter. Parkies wat ingestel is op kragwerk word aangeraai om oefeninge en vraestelle uit te werk, want volgens Menlo-rekords (beter bekend as rapporte) is dit 'n strategie wat uitstekende resultate lewer. Daar is selfs bewyse dat akademiese oefening van so min as dertig minute per dag tot 'n dramatiese verbetering in breinfiksheid kan lei.

As gevolg van beperkte blootstelling aan vitamien D in die winter, loop reisigers soms die gevaar om gebreke op te doen. Uit ander oorde word daar van toestande



soos borrelsiekte en die uiters seldsame bleeksielsindroom verneem. Alhoewel daar nog nooit so 'n geval op Menlo-bodem aangeteken is nie, moet leerders kennis neem hiervan. Die Menlo-reis maak daarom voorsiening vir allerlei aktiwiteite soos tennis, gholf, hokkie, krieket, rugby, fietsry, landloop en netbal. Nie net sal hierdie aktiwiteite tot 'n verhoogde inname van vitamien D lei nie, maar ook tot liggaamlike fiksheid - 'n toestand wat breinfiksheid uitstekend komplementeer. Daar is selfs bewyse dat hierdie kombinasie onweerstaanbaar is en dit is juis hierdie eienskap wat van Parkies maak wat Parkies is.

Menloparkers wat die ekspedisie met 'n lied in die hart wil aanpak, kan gerus 'n draai by die koor- en revueverhoog maak. Die Menlo-debat is weer die ideale plek om nuwe kommunikasietegnieke aan te leer - 'n vaardigheid wat handig te pas sal kom tydens ons reis.

Die ekpedisie beloof om uiters leersaam en opwindend te wees en die toergidse (ook bekend as onderwysers) is slaggereed. Met hierdie wenke roep die Insig vir eers halt, maar hou gerus die nuusbrief vir beriggewing oor die mylpale, wat die Menlo-span in die volgende tien weke gaan bereik, dop.

Geniet die reis! Sáám streef ons die hoogste na.

## OMGEE

Ouers word aan die gebedsbyeenkoms, wat Donderdae vanaf 07:30 tot 08:30 in die koshuis se sitkamer plaasvind, herinner. Navrae en gebedsversoeke kan aan 082 579 4968 gestuur word.

**Skrif: Psalm 119:6**

"As ek al u gebooie in ag neem, sal ek nooit raad-op wees nie."

# DAGBOEK

**8/5** Hokkie: Eldoraigne /
Netbal: GSN-proewe (o. 18)

**9/5** Gholf: GNGU-geslote toernooi

**10/5** JESUSWEEK

**11/5** Matriekraad en Parkieraad: Opleiding (Ouditorium, 18:00 tot 20:00) /
Tennis: Junior dogtersliga

**12/5** Parkieraad: Vergadering (Ouditorium; 07:00) /
Koelkas: 14:15 tot 16:00

**13/5** Tennis: Junior seunsliga /

Volg gerus die [skakel] vir die kalender.

# ALGEMEEN

## Menlo-sportwinkel is gereed!

Vir u gerief het Menlo se sportwinkel hulle ure verleng om te verseker dat elke Menloparker gereed is vir die winter. Die verlengde ure geld van Woensdag, 12 Mei tot Vrydag, 14 Mei en is as volg:

**Soggens van 07:00 tot 08:00 en smiddae van 13:30 tot 14:30**


Die sportwinkel verwag 'n nuwe besending sweetpakke op 12 Mei en bedank u by voorbaat vir u geduld. Rig asseblief navrae aan mnr. Tinus Vermaak by sportsupplies@telkomsa.net of skakel hom by 082 322 6081.

# AKADEMIE

## LW-leerders leer om met groen oë te kyk

Die vermoë om met groen oë na die omgewing te kyk, is vir enige natuurwetenskaplike onontbeerlik. Die graad 11-leerders wat LW as vak neem, het hierdie vaardigheid vandeesweek geslyp deur die petunia, moskapsels en varingsorusse van (heelwat) naderby te beskou om die bou van die blom deeglik te bestudeer.

Dit is duidelik dat 'n sel nie op sy/haar baadjie getakseer moet word nie en dat die vermoë om met groen oë na die natuur te kyk, allerhande verrassings oplewer.







## Parkie verower goud by internasionale ekspo

Milandri Schutte, graad 10, het onlangs aan die virtuele Expo Ciencias Nacional Costa Rica 2021 in Costa Rica deelgeneem. So beïndruk was die beoordelaars met haar projek, *Genius Ginger: Immunity against colds and flu viruses*, dat MIiandri 'n goue toekenning verower het. Baie geluk, Milandri!




# AKADEMIE

## Frans = fliek en chocolat chaud

Sou 'n besoeker op 21 April verby die Ouditorium stap, sou jy hom/haar nie kon kwalik neem as hy/sy die skool vir Cannes verwar het nie.

Die Departement: Frans, onder leiding van me. Mia-Louise Nel en haar uiters bekwame graad 11-komitee, het die eerste Franse-aand van die jaar aangebied waartydens 'n film à la Cannes vertoon is.

Leerders moes stem vir die film wat hulle die graagste wou kyk en die film, Il a déjà t'es yeux/He already has your eyes, het uiteindelik as wenner uit die stryd getree. Die fliek het leerders behoorlik laat skaterlag en hulle bekendgestel aan verskillende (en vreemde) aksente met karakters van Senegal tot Martinique en Parys. Leerders kon hulle indrukke van die verhaal oor 'n beker warm sjokolade met mekaar deel, terwyl idees vir die volgende Franse-aand, wat op 14 Mei sal plaasvind, uitgeruil is. Baie dankie aan die vlytige Franse komitee, asook aan me. Mia-Louise Nel vir die deeglike reëlings.







# NETBAL

## Menlo vs. Monnas: Netbal wen!

Die uitslae van die vriendskaplike wedstryde teen Hoërskool Momument is as volg:

- o. 14 A: 18-15
- o. 15 A: 20-12
- o. 16 A: 13-27
- o. 19 A: 25-19
- o. 14 B: 30-8
- o. 15 B: 9-20
- o. 16 B: 16-18
- o. 19 B: 17-13
- o. 14 C: 22-15
- o. 15 C: 25-4
- o. 17 A: 15-26
- o. 14 D: 18-9

Baie geluk aan die Menlo-spelers en -afrigters wat uitstekende resultate in 'n kort tydjie behaal het.






# TENNIS







## Menlo spog met Suid-Afrika se beste

Na 'n bedrywige kwartaal op die skoolbanke, het die meeste Menloparkers daarna uitgesien om gedurende die vakansie te rus en hulle kragte te herwin. Iné Lamprecht, Menlo se voorste tennisspeler, het egter ander planne gehad. Die talentvolle Parkie het eers die ope-afdeling in Growthpoint se Super 8-toernooi gewen, waarna sy haar visier op die nasionale kampioenskap gestel het. So vinnig het Iné met haar teenstanders afgereken dat sy as nasionale kampioen in die o. 18-afdeling gekroon is, nog voor jy kon sê *STROOP*! Ten spyte van hierdie rits prestasies was Iné se gô nog nie uit nie en het sy en haar dubbelsmaat ook die titel as nasionale dubbelspelkampioene ingepalm! Baie geluk! Iné is 'n ware ambassadeur vir Menlo-tennis en ons hou haar loopbaan met belangstelling dop.

Intussen het Val Ceronio (regs op die regterkantste foto) en sy dubbelspelmaat nie op hulle laat wag nie en as die wenners van die Growthpoint-toernooi, in die o. 16 B-Gold Doubles-afdeling, van die baan gestap. Menlo-tennis het voorwaar 'n produktiewe vakansie agter die rug en die Insig wens vir Iné en Val baie geluk met hulle uitstekende prestasies.

# GHOLF

## Baansyfer? Watwou — Menlo-gholf het die wensyfer!

Die Menlo-gholfspelers het aan die einde van verlede kwartaal aan die Koro Creek-uitdaagtoernooi deelgeneem. Menlo het drie spanne ingeskryf en al drie spanne het as wenners van hulle onderskeie afdelings van die baan gestap. Menlo-gholf is veral trots op die C-span wat hulle afdeling met 43 punte gewen het en op Tiaan Diedericks met sy uitstekende rondtetelling van 64 houe. Baie geluk aan al die spelers en die afrigters, mnr. Nico van Eeden en mnr. Maritz Wessels, vir hulle insette.





# VAKATURE BESKIKBAAR

## Koördineerder: Seunshokkie

Die geskikte kandidaat moet aan die volgende minimum vereistes voldoen:

- Uitnemende bestuurs- en organisatoriese vaardighede;
- Bewese ervaring in ‘n leierskapsposisie;
- Bewese sukses as afrigter (met minstens drie tot vier jaar ondervinding);
- Finansiële bestuursvaardighede;
- Goeie menseverhoudings en uitstekende kommunikasievaardighede;
- Ervaring in opvoedings- of skoolomgewing sal as aanbeveling dien;
- Ondervinding in die bevordering van spelerontwikkeling;
- Minimum kwalifikasie: SAHA vlak 3-afrigting;
- Ervaring by interprovinsiale toernooie op o.16-, o.18- of senior vlak.



DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS

**MENLO**
**Hokkie**

Aansoeke (vergesel van volledige CV’s en referente) moet gestuur word na beide: warren.sangster@menlopark.co.za *en* hoof@menlopark.co.za

www menlopark.co.za   f AbsolutMenlo

# MARKPLEIN

PRISMA water

## Services

Purified Water
Private Labeled Bottled Water
Purified Water Refills
Dispenser Bottle Refills
Dispenser Machine Hire

*Free label design
*Free Delivery in Gauteng

## Contact Information

Tel: 012 365 2590
Cell: 066 432 1209

sales@prismawater.co.za
www.prismawater.co.za

69 Lynburn Road,
Lynburn Center,
Lynwood Manor,
Pretoria

At Prisma Water we can do water for any quantity, any functions any corporate company or small office, branded or not!!!

## Klerebank

**Slegs per afspraak.**
**Kontak me. Lize Preston by lize.preston@menlopark.co.za**

## OORINSTITUUT

vir uitstekende gehoor



BESOEK ONS GERUS VIR 'N HEERLIKE NESPRESSO-KOFFIE EN 'N VRIENDELIKE GESPREK OOR U GEHOOR

**ONS DIENSTE:**

Gehoortoetse
Gehoorapparate
Gehoor Beskerming

**Skakel 0861-10-20-30 vandag nog vir 'n afspraak.**

Oorinstitute is geleë regoor Suid-Afrika en Namibië

www.oorinstituut.co.za

## Menlo-maskers te koop

Parkies word daaraan herinner dat Menlo-maskers by die bemarkingskantoor te koop is. Matrieks word aangemoedig om 'n matriekmasker aan te skaf sodat die matrieks vir die res van die skool herkenbaar is in die wintermaande wanneer almal sweetpakke dra. Die koste beloop R50 per masker.